



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelielied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Parashah 39: *Chukkat* (חֻקָּה): Verordening (Wetsinsetting)

יהוה *het met Moshe en Aharon gepraat en gesê: "Hierdie is die instelling van die wet wat יהוה beveel het deur te sê: 'Praat met die seuns van Yisra'el dat hulle vir jou 'n vlekkelose rooi verskalf bring wat geen gebrek het nie en waarop geen juk gekom het nie. Num. 19:1 en 2 – PWL¹*

Torah: Num. 19:1 tot 22:1

Haftorah: Rigters 11:1 tot 33

Hernieuwe Verbond: Heb. 9:11 tot 22; 13:10 tot 13; Joh. 3:9 tot 21; 1 Kor. 10:4; Joh. 4:10 en 14; 7:37 en 38; Open. 22:17; Luk. 10:19; 1 Kor. 15:55 tot 5; Jak. 4:7

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 39 wat afgelaai kan word by: [Parashah39Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelielied.info.

If you fail to prepare, you are preparing to fail – Benjamin Franklin.

It is not pleasure that makes life worth living. It is life that makes pleasure worth having – George Bernard Shaw.

Midrash (Torah Bespreking)

Ewigdurende Shalom!

Ons leef in 'n tyd waar wêreldgebeure en persoonlike omstandighede dikwels ons innerlike vrede – ons shalom – wil steel. Maar ware vrede kan egter nie van jou weggeneem word nie!! Vader-God se vrede is 'n innerlike vrede wat van jou gees en siel besit neem en wat nie beïnvloed word deur enige negatiewe omstandighede of negatiewe ervarings nie. Dinge soos siekte, dood, armoede, skuld, hartseer, ensovoorts kan nooit jou shalom steel nie. Shalom is nie die afwesigheid van negatiewe dinge nie, maar die teenwoordigheid van positiewe dinge wat oor die negatiewe heers.

Hoe ontvang ons YHVH se shalom? Die antwoord is in Ps. 119:165, naamlik:

Hulle wat U wet liefhet, het groot vrede, voorspoed, vergenoegdheid en gesondheid en hulle sal geen swakheid hê nie (PWL).

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Hulle wat YHVH se Torah liefhet met hulle hele wese sal shalom in alle omstandighede ondervind! Daarom herinner Paulus ons aan die volgende:

Wees oor niks bekommerd nie, maar maak julle begeertes elke keer deur gebed, versoeke en danksegging by God bekend en die vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed van God, Hy wat ver bo alle kennis en begrip is, sal julle gedagtes, wil, emosie en julle begrip beskerm in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een; Fil. 4:6 en 7 – PWL

Volgens Psalm 1:1 tot 3 sal elkeen wat behae (vreugde) in Torah-gehoorsaamheid vind, soos 'n boom wees wat goed gewortel is in waterryke en voedsame grond en goeie vrugte dra! Welgeluksalig is die mens wat nie luister na die raad van die Torah-oortreders nie, en wat nie saam die pad van die Torah-oortreders loop nie, en wat nie saam met die Torah-oortreders die spot dryf met YHVH se onderrig en instruksies nie!! Dit is hulle wat welgeluksalig sal wees en ewigdurende shalom sal ondervind.

Num. 19:1 tot 22 – Die rooi verskalf en die reinigingswater

יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê: “Hierdie is die instelling van die wet wat *יהוה* beveel het deur te sê: ‘Praat met die seuns van Yisra’el dat hulle vir jou ‘n vlekkelose rooi verskalf bring wat geen gebrek het nie en waarop geen juk gekom het nie. Num. 19:1 en 2 – PWL.

Die naam van hierdie week se Torahskriflesing is *chukkat* (חֻקָּה) en beteken ‘n instelling van die Torah, naamlik ‘n wetsinsetting. YHVH se onderrig en instruksies aangaande die rooi verskalf en die reinigingswater is dus ‘n *chukkat* en word gedefinieer as ‘n gebod (opdrag; bevel) wat ‘n geheimenis bevat wat bo ons menslike begrip, wysheid en kennis is. Ons wat glo in die gekruisigde en opgestane Messias weet egter dat hierdie wetsinsetting na Yeshua verwys.

In die vorige notas van hierdie parashah word die doel en die betekenis van die rooi verskalf en die reinigingswater meer volledig bespreek en kan afgelaai word by [Parashah39Notas14](#)

Opsommend was die doel van die offer (verbranding) van die rooi verskalf, hoewel dit nie op die brandofferaltaar geskied het nie, en die reinigingswater wat van die as berei was, vir die seremoniële reiniging van ‘n persoon wat met ‘n afgestorwene (met die dood) in kontak was, asook vir die reiniging van oorlogsbuit (Num. 31:21 tot 23). Die oorhoofse doel van hierdie wetsinsetting (*chukkat*, חֻקָּה) was, om soos die offerandes, nader aan YHVH te beweeg en die verhouding tussen YHVH en sy volk, individueel en korporatief, te herstel. Maar tog het die wetsinsetting van die rooi verskalf ‘n unieke doel en derhalwe ‘n unieke geestelike betekenis. Hierdie is een van daardie simboliese rituele (‘doendinge’ of sigbare ‘kontakpunte’) wat ons help om ‘n geestelike waarheid beter te snap en sodoende ons vertrouwe (geloof) in YHVH te versterk.

Hierdie wetsinsetting mag die indruk skep dat YHVH geen simpatie het met diegene wat die dood van ‘n geliefde ervaar het, want ons lees in Num. 19:11 tot 15 die volgende:

Die een wat ‘n dooie mens aanraak, sal sewe dae lank onrein wees. Hy moet homself daarvan reinig op die derde dag en op die sewende dag; dan sal hy rein wees, maar as hy hom nie op die derde dag en op die sewende dag reinig nie, sal hy nie rein wees nie. Elkeen wat aan ‘n dooie liggaam raak, aan ‘n mens wat gesterf het en homself nie reinig nie, het die tabernakel van יהוה onrein gemaak en dié persoon moet uit Yisra’el uitgesny word. Hy sal onrein wees omdat die water vir onreinheid nie op hom gesprinkel is nie, sy onreinheid is nog

op hom. Hierdie is die wet as iemand in 'n tent sterf: almal wat in die tent kom en almal wat in die tent is, sal sewe dae lank onrein wees en al die oop houers wat nie met 'n deksel toegebind is nie, is onrein (PWL).

Hoe kan die sterwe van 'n geliefde die bedroefdes dan onrein maak? Is liefde dan nie juis die vervulling van die wet nie? Is die feit dat die persoon wat 'n geliefde tot en met die laaste asem liefdevol versorg het dan nie juis rede om as rein gereken te word nie?

Die antwoord op hierdie vrae is te vinde in die feit dat YHVH 'n God van lewe is en nie 'n God van die dood nie!

Dink so daar aan! Vir die massas is die dood 'n manifestasie van 'n god wat die dood gebruik as 'n wyse dat mense hom sal vrees! Maar YHVH, die God van Israel, verklaar deur Sy Torah dat hy die God van lewe is en dat lewe heilig is! As priesters van YHVH is ons die afgesante (ambassadeurs) van die God van van lewe wat Homself manifesteer deur lewe te gee, asook die belofte van ewige lewe aan elkeen wat Hom liefhet en gehoorsaam is. Die onderrig en instruksies van Torah is nie hoe om te sterwe nie, maar wel hoe om in die teenwoordigheid van YHVH te lewe!!

Elkeen wat die geregtigheid van YHVH in Yeshua is, sal lewe al sterwe hy. Maar elkeen wat sy eie geregtigheid oprig, en nie die geregtigheid van YHVH ken nie, is reeds dood al lewe hy!

Wanneer YHVH dus verklaar dat elkeen wat 'n dooie aanraak, onrein is, is die bedoeling van Vader-God om die aftakelende en verlamende uitwerking wat die dood van 'n geliefde het uit te wis. Ja, die dood is 'n werklikheid en deel van ons elkeen se lewe. Maar YHVH verklaar elkeen wat 'n dooie aanraak as onrein om ook te dien as herinnering dat die afgestorwene se liggaam nou sonder God-gegewe lewe is. Dit is nie die dood as sulks wat onreinheid veroorsaak nie, maar wel die afwesigheid van God-gegewe lewe! En lewe is heilig!

As koninklike priesterdom verteenwoordig ons die Gewer van alle lewe en van die ewige lewe. Daarom is die dood nie die einde nie, maar die voortsetting van lewe vir die geregverdigde in Yeshua. As priesters in YHVH se Koninkryk wil Hy nie hê dat ons moet swig voor die aftakelende en verlamende effek wat die dood van 'n geliefde het nie, want dit is die bron van die onreinheid wat jou in hierdie toestand wil vashou en dood wurg.

Daarom sê YHVH: Wees heilig (afgesonder), want Ek is heilig (afgesonder)(Lev. 11:44 en 1 Pet. 1:15 en 16). Dit beteken ook: Wees lewe, want Ek is lewe! Kies Lewe (Deut. 30:19). Selfs met die sterwe van 'n geliefde moet ons lewe kies, want dit is om heilig (afgesonder) te wees!

Die dood van 'n geliefde veroorsaak 'n kortsigtige siening van lewe, want dit neem die waarheid van lewe volgens YHVH se definisie weg van ons. Dit veroorsaak onreinheid!

Maar ons weet dat Yeshua het reeds gekom om die wetsinsetting van die rooi verskalf en die reiningswater te vervul!! Ons is gereinig van ons kontak met die realm van die dood, en wanneer ons weer met die fisiese en geestelike dood in aanraking kom sal YHVH Yeshua ons telkens opnuut reinig deur in vertrouwe te gaan om deur Hom gereinig te word.

Vir die geregverdigde in Yeshua is die dood reeds oorwin. Maar die realiteit is dat ons weens ons menslike swakhede, asook weens ons beperkte begrip van YHVH wat Lewe is, sal bly

worstel met die verwerking van die sterwe van 'n geliefde totdat Jes. 25: 6 tot 8 vervul sal word:

יהוה-Tzva 'ot sal op hierdie berg vir al die volke 'n oorvloedige feesmaal voorberei; 'n feesmaal van verouderde en ryk wyne, van die dinge wat behoort aan ons hemelse Verlosser en die Magtige Een. Hy sal ook die invloed en aansien van die regeerder wat oor al die volke geheers het, op hierdie berg vernietig, as gevolg van die slagting onder al die nasies. Hy sal dood vir alle tye insluk in oorwinning en die Meester, יהוה-Tzva 'ot, sal die trane van alle gesigte af afvee en Hy sal die smaad van Sy volk van die hele aarde af verwyder, want יהוה het gepraat.

Bepeins of Bespreek:

1. In die lig van die doel en betekenis van die rooi verskalf en die reinigingswater moet ons vra: Is die ontydige dood van 'n geliefde die wil van YHVH?
2. Gehoorsaamheid aan Torah is lewe en ongehoorsaamheid is dood! Sonde is om YHVH se Torah te oortree (1 Joh. 3:4) en die loon van die sonde is die dood (Rom.6:23). Elkeen wat moedswillig sondig is dus onrein omrede hy of sy met die dood in kontak is. Hoe maklik is dit om te glo dat jy rein is, terwyl jy in werklikheid onrein is?
3. Die artikel van Mahdokht, *Hidden Sin – Selfish Desires*, word aanbeveel, veral vir diegene wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Hierdie artikel kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: [Hidden Sin – Selfish Desires](#)

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.